17 Desember **Skrifgedeelte: Openbaring 12:18-13:18**

Agente van die draak

Satan, die Antichris en die Valse Profeet vorm ‘n ongoddelike drieheid wat die Vader, die Seun en die Heilige Gees beveg.
In die vierde draakvisioen (Op 13:1-10) en in 2 Tess 2:1-11 word die werk van die Antichris beskryf. Hy is die ANTIchris wat teen Christus staan, maar ook die antiChris wat homself as verlosser in die plek van Christus stel. Hy voer oorlog teen die gelowiges. Hy belaster God en hulle wat in die hemel bly. Die ergste is dat die ongelowiges hom aanbid.
Dit is duidelik dat die Antichris ‘n eindfiguur sal wees wat die mense aan Satan wil bind.
Volgens Matt 24:5 en 1 Joh 2:18 is daar nou reeds antichriste. In 1 Joh 2:22 staan dat elkeen wat nie die Vader en die Seun erken nie ‘n antichris is. Die manier waarop die antichriste oorlog voer, is veral deur dwaalleer.
In die vyfde draakvisioen (Op 13:11-18) word oor die valse profeet geskryf. Sy getal is 666 wat nooit 7 word nie. Deur leuens lei hy mense van God af weg. Hy rig hom veral op die denke van die mense. Dit gebeur vandag dat daar baie valse teorieë in die wetenskappe, selfs in Teologie, bestaan. Daar is selfs teoloë wat ontken dat Christus Homself waarlik geoffer het en opgestaan het.
Daar is nou reeds baie valse profete wat die gelowiges afvallig laat word. Wat is jou verweer teen hierdie vyande? Hou vas aan sy Woord!
Sing: Psalm 68:2 *Dr B Duvenage (Emeritus)*